

"(S)HELL IN NIGERIA"¹ - KEN SARO-WIWA EN DIE STRYD VAN DIE OGONI

Phia Steyn en André Wessels²

SUMMARY

The purpose of this article is to analyse and put into historical perspective the struggle in which Nigeria's Ogoni people has been involved against that country's federal government as well as the Shell oil company since 1988. The role played by the charismatic Ogoni politician and writer Ken Saro-Wiwa until his execution on 10 November 1995, is highlighted in particular. Against the background of Saro-Wiwa's life and work, the history of the Ogoni people and of oil production in Nigeria, the role of the Movement for the Survival of the Ogoni People (MOSOP), the Ogoni revolts of 1990 until 1994 and the Goikoo murders of 21 May 1994 will be discussed and analysed. It becomes clear that the Ogoni people themselves became very divided as a result of the nature and scope of their struggle against Shell Nigeria and the federal government, and that Ken Saro-Wiwa was a controversial figure who was not as completely innocent as portrayed in the media at that time and even today. Light is also shed throughout on topical environmental and human rights issues.

1. INLEIDING

Met die teregstelling van die bekende Nigeriese skrywer en aktivis, Ken Saro-Wiwa in November 1995 het die stryd wat die Ogoni-stam teen die Nigeriese federale regering en die oliemaatskappy Shell Nigerië³ gevoer het, 'n hoogtepunt bereik. Die stryd van die Ogoni het hoofsaaklik rondom twee vraagstukke gewentel, naamlik die ekologiese skade wat deur olieproduksie aan

- 1 Die titel is ontleen aan 'n Greenpeace-plakkaat wat algemeen gebruik is in die anti-Shell Nigerië optogte wat Greenpeace gehou het. Die vraagteken ontbreek egter by die oorspronklike weergawe. Die gebruik van hierdie Greenpeace-slagspreuk simboliseer die propagandistiese aard van die Ogoni-stryd en dit is dus belangrik om daarop te let dat die skrywers, deur die gebruik van hierdie slagspreuk, nie 'n waarde-oordeel oor Shell Nigerië se betrokkenheid in Nigerië uitspreek nie.
- 2 Beide outeurs is verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- 3 Dit is belangrik om daarop te let dat Shell Nigerië nie deur die multinasionale oliemaatskappy Royal Dutch/Shell alleen besit word nie. Laasgenoemde het slegs 'n 30 % aandeel in die Shell Petroleum Development Company of Nigeria. Ten einde omslagtigheid te vermy, word slegs die naam Shell Nigerië deurgaans in hierdie studie gebruik.

die omgewing in die Ogoni se tradisionele grondgebied aangerig is, en die status en rol van etniese minderheidsgroepe binne die Nigeriese federale stelsel.

'n Belangrike komponent van die Ogoni-stryd was die werwing van internasionale steun vir die Ogoni en hul probleme. In die pogings om internasionale steun te verkry, het Saro-Wiwa na vore getree as segs persoon vir die stam in sy geheel en hy het met verloop van tyd in die internasionale media die simbool van die Ogoni se stryd in Nigerië geword. Dit was veral sy herhaaldelike aanhouding en uiteindelik sy teregstelling deur die federale regering wat simbolies geword het van 'n staat wat die belange van 'n burger veronagsaam ter wille van 'n oliemaatskappy. Die olieproduserende streke in Nigerië word hoofsaaklik deur etniese minderheidsgroepe bewoon, wat almal in 'n meerdere of mindere mate dieselfde klagtes het van ekologiese skade wat deur olieproduksie aangerig word. Wat die Ogoni egter uniek maak is die feit dat hierdie stam die enigste minderheidsgroep is wat daarin geslaag het om op groot skaal die steun van internasionale belangegroepes en veral ook die media vir hul stryd te werf - hoofsaaklik te danke aan die werksaamhede van Saro-Wiwa.⁴

Die doel met hierdie artikel is om die stryd waarin die Ogoni sedert die tagtigerjare teen die federale regering en Shell Nigerië gewikkel is, te ontleed en in historiese perspektief te plaas. 'n Belangrike uitvloeisel van die stryd was die tweespalt wat in 1993 in Ogoni-geledere ontstaan het en wat die stam in 'n pro-en 'n anti-Saro-Wiwa-faksie verdeel het. Hierdie onmin is 'n kardinale deel van die Ogoni-verhaal en sal dus ook in die artikel aandag geniet. 'n Aantal kernvrae het die ondersoek gerig: Wie is die Ogoni? Wie was Ken Saro-Wiwa? Wat is die ekonomiese agtergrond tot die Ogoni se stryd? Wat was die aard, omvang en betekenis van hul stryd tot en met 1995? Wie dra werklik die skuld vir die Ogoni se probleme?

2. KEN SARO-WIWA EN DIE OGONI-STAM

Kenule Beeson Saro-Wiwa is op 10 Oktober 1941 in Bori as lid van die Ken-Khana-klan van die Ogoni-stam gebore. Hy het sy opleiding aan die Government College by Umuahia en aan die Universiteit van Ibadan ontvang. In die sestigerjare was hy eers 'n nagraadse assistent aan die Universiteit van Nigerië en is daarna as assistent-lektor aan die Universiteit van Lagos aangestel. Tydens die Biafraanse Burgeroorlog (1966-1970) was hy die federale administrateur van die oliehawe Bonny, in die Riversstaat, en het daarna as

4 A Martin, "Oil, oil, everywhere" in BBC Focus on Africa 6(1), Januarie-Maart 1995, pp. 10-3.

kommissaris van onder meer Publieke Werke, Grondsake en Vervoer, Onderwys en van Inligting en Binnelandse Sake in hierdie staat gedien.⁵

In die tagtigerjare het sy aandag van die politiek na die letterkunde verskuif en in 1983 het hy sy eerste roman gepubliseer. Saro-Wiwa het 21 boeke gepubliseer en sy bekendste roman is **Sozaboy: a novel in rotten English** wat 'n satiriese blik op die militêre regering in Nigerië is. In 1990 het Saro-Wiwa sy skryfwerk opsy gestoot en hom heeltyds gewy aan die stryd waarin die Ogoni-stam teen die federale regering en Shell Nigerië gewikkel was. Hy het ook sy literêre talente vir hierdie stryd ingespan en het in 1992 die boek **Genocide in Nigeria: the Ogoni tragedy** gepubliseer waarin hy Shell Nigerië en die federale regering daarvan beskuldig het dat hulle besig was om die Ogoni-stam uit te moor.⁶

Saro-Wiwa het sy internasionale aansien ingespan om die probleme van die Ogoni onder die aandag van internasionale omgewingsbewaring- en menseregtegroepe te bring. Sy pogings om die ekologie in Ogoni-land te red, het hom in 1993 die Goldmanprys besorg wat jaarliks toegeken word aan ses individue wat op grondvlak 'n groot hydrae tot omgewingsbewaring lewer.⁷ In 1995 het hy die Right Livelihood-prys ontvang wat as 'n alternatiewe Nobel-vredesprys gesien word, en ook die Hellman/Hammett-prys van die Free Expression Project van Human Rights Watch. Na die moord op vier Ogoni-leiers in Mei 1994, is Saro-Wiwa op aanklag van moord in hegtenis geneem. Op 31 Oktober 1995 is hy aan moord skuldig bevind en op 2 November ter dood veroordeel. Op 10 November 1995 het hy 'n galgdood gesterf.⁸

Die Ogoni-stam is een van nagenoeg 250 etniese minderheidsgroepe in Nigerië⁹ en het na raming sowat 500 000 stamlede. Die Ogoni-stam se tradisionele tuiste is in die Riversstaat in die ooste van Nigerië. Die totale

5 B Ankomah, "Saro Wiwa speaks!" in *New African* 337, Januarie 1996, p. 13.

6 "Saro-Wiwa's peril" in *The Economist* 337(7939), 4.11.1995, p. 54; B Harden, *Africa: dispatches from a fragile continent* (New York, 1990), p. 295.

7 Goldman Environmental Foundation, "Goldman environmental prize", <"http://www.goldman.org/goldman/ken.html">, s.a.

8 J Vidal, "Ogoni pay a high price for black gold" in *Weekly Mail & Guardian* 11(2), 13-19.1.1995, p. 14; M Birnbaum, *Nigeria: fundamental rights denied. Report of the trial of Ken Saro-Wiwa and others* (Londen, 1995), p. 13; Ankomah, p. 13.

9 Nigerië het na beraming sowat 250 etniese groepe. Tien groepe maak nagenoeg 80 % van die totale bevolking uit, terwyl drie van hierdie tien, naamlik die Yoruba, die Hausa-Fulani en die Ibo die politiek in Nigerië domineer. *Africa South of the Sahara 1996* (25ste uitgawe, Londen, 1996), p. 706.

oppervlakte van hul grondgebied is ongeveer 650 km² en dit strek oor die plaaslike owerheidsgebiede van Gokana, Khana en Tai-Elеме. Verskillende teorieë bestaan oor die herkoms van die Ogoni, maar daar word algemeen aanvaar dat hierdie stam hul reeds voor die vyftiende eeu op hul huidige grondgebied gevestig het. Die Ogoni word onderverdeel in ses klans, naamlik Nyo-Khana, Ken-Khana, Babbe, Gokana, Tai en Elеме. Aan die hoof van elke klan staan die *gbenemene* of koning en hierdie ses klans voer beheer uit oor 111 dorpie in Ogoni-land.¹⁰

Onder die Ogoni-lede bestaan geen mitologiese voorvader wat as samebindende faktor tussen die ses klans kan dien nie, en hulle word, volgens EE Osaghae, as 'n groep saamgebind op die basis van byvoorbeeld 'n gemeenskaplike taal, gebruike en tradisies.¹¹ Volgens M Mann en D Dalby kan daar egter nie werklik na Ogoni as 'n taal verwys word nie. Dit is volgens hulle 'n sambreelterm wat gebruik word om na drie verskillende tale te verwys, naamlik Elеме, Khana (of Kana) en Gokana.¹² Onder die verskillende subgroepe kom mitologiese voorvaders wel voor en gevolglik het die lojaliteit tradisioneel veel eerder by die subgroep as by die stam as 'n geheel gelê. Sprake van 'n tipe panOgoni-identiteit is dan ook in die verlede deur van die klans, veral die Elеме, ontken.¹³

3. OLIEPRODUKSIE IN NIGERIË

Olieproduksie in Nigerië het reeds in 1958 begin, nadat kommersiële vondse in 1956 by Oloibiri in die huidige Riversstaat gemaak is. Tot en met 1970 was die olie-industrie redelik beperk en is dit geheel en al oorheers deur Royal Dutch/Shell-BP wat in 'n 50-50-vennootskap was.¹⁴ Na 1970 het die olie-industrie vinnig ontwikkel en die gepaardgaande verhoogde daaglikse produksie en die belangrikheid van olie wêreldwyd, het direk daartoe aanleiding gegee dat dit as die dominante ekonomiese sektor in Nigerië na vore getree het. Die inkomste wat die federale regering uit die olieverkope en -belasting ontvang, het gevolglik

10 K Saro-Wiwa, *Genocide in Nigeria: the Ogoni tragedy* (Port Harcourt, 1992), p. 11; EE Osaghae, "The Ogoni uprising: oil politics, minority agitation and the future of the Nigerian state" in *African Affairs* 94, 1995, pp. 327-8.

11 Osaghae, pp. 327-8.

12 M Mann en D Dalby (reds.), *A thesaurus of African languages: a classified and annotated inventory of the spoken languages in Africa with an appendix on their written representation* (Londen, 1987), p. 10.

13 Osaghae, pp. 327-8.

14 AA Ikein, *The impact of oil on a developing country: the case of Nigeria* (New York, 1990), pp. 24-5.

ook die hoofinkomstebron van die regering geword en dit het sedert die jare sewentig 90 % en meer van Nigerië se totale buitelandse verdienste uitmaak.¹⁵

'n Grootse nasionaliseringsveldtog is in 1970 deur die federale regering van stapel gestuur wat die Nigeriese regering in staat gestel het om stelselmatig die meerderheid aandele in al die oliemaatskappye in Nigerië te bekom. Die nasionalisering van Royal Dutch/Shell-BP het in Junie 1973 begin toe die regering 'n 35 %-aandeel in dié olie-vennootskap bekom het. Hierdie aandeel is in Junie 1974 tot 55 % verhoog en in 1979 tot 60 %.¹⁶ In dieselfde jaar het die federale regering BP se 20 %-aandeel weens hul volgehoue olievoorsiening aan Suid-Afrika genasionaliseer. Gevolglik het die Nigerian National Petroleum Corporation (NNPC), wat in beheer is van die Nigeriese olie-industrie, 80 % van Shell Nigerië in die tagtigerjare besit, terwyl Royal Dutch/Shell 'n skamele 20 % van hul oorspronklike 50 %-aandeel oorgehou het. In 1988 het die federale regering 20 % van hul aandele in Shell Nigerië aan ELF, Agip-Phillips en Royal Dutch/Shell verkoop. Shell Nigerië se aandeelhouders het hierna as volg daar uitgesien: NNPC 60 %, Royal Dutch/Shell 30 %, ELF 5 % en Agip-Phillips 5 %. Die NNPC het in die jare negentig 'n verdere 5 % van hul aandeel aan ELF verkoop.¹⁷

In Nigerië het olie-eksplorasië en -produksie met verloop van tyd noodwendig tot ekologiese probleme gelei. Ten spyte van statutêre regulasies vir die olie-industrie (artikel 25 van die Petroleum Act No. 51 van 1969), het oliemaatskappye in Nigerië hoofsaaklik hul eie weg gevolg en nie veel ag op die wetgewing geslaan nie, terwyl die regering op hul beurt ook nie die wetgewing effektief toegepas het nie. Die redes was tweërlei van aard. Ten eerste het die federale regering die dominante aandeel in al die oliemaatskappye bekom nadat hul nasionaliseringsbeleid in 1971 in werking gestel is. Die nakoming van maatreëls om die ekologie te beskerm verg ekstra onkoste wat die federale regering nie wou en kon aangaan nie. Ten tweede is daar die feit dat Nigerië ekonomies ten volle afhanklik is van die olie-industrie. Soos reeds gemeld,

15 "Oil to the rescue: don't throw it away again" in *The Economist* 317(7679), 3.11.1990, p. 56. Sien ook LP Frank, "Two responses to the oil boom: Iranian and Nigerian politics after 1973" in *Comparative Politics* 16, April 1984, pp. 295-314.

16 W Tims, *Nigeria: options for long-term development* (Baltimore, 1974), p. 70; G Arnold, *Modern Nigeria* (Thetford, 1977), pp. 52-3; A Kirk-Greene en D Rimmer, *Nigeria since 1970: a political and economic outline* (Londen, 1981), pp. 83-4, 88.

17 Shell Nigeria, "The environment", <<http://www.shellnigeria.com/factfile/enviro.html#delta>>, s.a.

verkry die federale regering hul grootste buitelandse inkomste uit olieverkope. Dit is gevolglik vir die regering van die uiterste belang dat olieproduksie in Nigerië ten alle koste so hoog as moontlik gehou moet word. In die proses het die omgewing egter grootskaalse skade gely en is landbougrond en riviere besoedel, wat 'n groot impak op die inwoners van die olieproduserende streke gehad het.¹⁸

'n Verdere probleem in die Nigeriese olie-industrie is die feit dat die olieproduserende streke hoofsaaklik deur etniese minderheidsgroepe bewoon word. Hierdie groepe maak weinig, indien enige, impak op nasionale en in 'n sekere sin ook regionale politiek, wat dit vir die federale regering moontlik maak om klagtes grootliks te ignoreer.¹⁹ Voor 1992 het die federale regering nagenoeg 90 % van die netto winste van die olie-industrie ontvang, terwyl die olieproduserende streke slegs 1,5 % ontvang het. In 1992 is hierdie persentasie opgestoot na 3 % en daar is verder begin om 2 % beskikbaar te stel vir 'n ekologiesfonds wat ekologiese probleme moes ondersoek. Die 3 % wat die olieproduserende streke toekom, word egter nie direk aan hierdie streke betaal nie, maar word gehanteer deur die Oil Mineral Producing Areas Development Commission (OMPADEC) wat in 1992 ingestel is.²⁰

Die ontdekking van olie in 1958 in Ogoni-land deur Royal Dutch/Shell-BP en die gepaardgaande olieproduksie sedertdien het 'n ommekeer in die Ogoni se ekonomiese aktiwiteite teweeg gebring. Die besoedeling van hul grond en waterbronne deur olieproduksie sedert 1958, het met verloop van tyd die Ogoni van hul lewensmiddele begin ontnem.²¹ Die hoofsondaar in hierdie ekologiese besoedeling was Shell Nigerië. Hoewel Royal Dutch/Shell sedert 1958 in Ogoni-land betrokke is, is hierdie maatskappy nie die enigste wat olie daar produser nie. Die multinasionale oliemaatskappy, Chevron, het ook konsessies van die Nigeriese regering ontvang om in Ogoni-land werksaam te wees en het hul olieproduksie in hierdie streek in 1980 begin. Shell Nigeria was egter tot en met hul onttrekking uit Ogoni-land in 1993 die grootste olieprodusent in die streek. Die maatskappy het vyf groot olievelde in Ogoni-land wat oor 'n maksimum kapasiteit van 28 000 vate per dag (v p/d) beskik. Ogoni-land was, tot voor Shell Nigerië se onttrekking, die vyfde grootste olieproduserende streek in die Riversstaat. In teenstelling met die aansprake van die Ogoni en die omgewings-

18 Ikein, pp. 38, 42-3.

19 Ikein., pp. 38, 62.

20 Shell Nigeria, "Shell in Nigeria: factfile summary"; <http://www.shellnigeria.com/factfile/facsum.html> > s.a. R Sygne, *Nigeria: the way forward* (Londen, 1993), p. 33.

21 Osaghae, p. 330.

bewaringsgroepe, lewer Ogoni-land nie die grootste deel van Shell Nigerië se produksie nie (hulle bestuur 94 olievelde regoor Nigerië en produseer nagenoeg een miljoen v p/d), maar het nagenoeg 3 % van Shell Nigerië se totale daaglikse produksie gelewer voordat die maatskappy onttrek het.²²

In die stryd van die Ogoni teen Shell Nigerië was dit die Ogoni se hoofmerk om hierdie oliemaatskappy te oortuig om aandag te skenk aan die ekologiese skade wat olieproduksie aangerig het, met spesiale verwysing na die besoedeling van hul grond en waterbronne weens olie lekkasies ("oilspills") en lugbesoedeling weens gaswegbranding ("gasflaring").²³ Die Ogoni het verder ook daarop begin aandring dat Shell Nigerië meer doen om dié gebied te ontwikkel, ten spyte van die feit dat feitlik al die ontwikkelinge in Ogoni-land, wat onder meer 'n hospitaal, twee gesondheidsklinieke, skoolgeboue en vyf waterskemas insluit, deur die maatskappy gedoen is.²⁴

4. DIE STRYD VAN DIE OGONI, 1988-1995

4.1 MOSOP en die Ogoni Bill of Rights

Hoewel die Ogoni reeds etlike dekades voor die tagtigerjare begin het om hul griewe teenoor Shell Nigerië en die federale regering te lug, het hul stryd teen hierdie twee partye eers waarlik in 1988 begin met die stigting van die Movement for the Survival of the Ogoni People (MOSOP),²⁵ onder leiding van Garrick Leton (president) en Edward Kobani (vice-president). Die basis van die vreedsame protesveldtog wat MOSOP in hul aanvangsjare gevoer het, was ekonomies, ekologies en sosiaal van aard deurdat hulle gepoog het om Shell Nigerië en die federale regering te oortuig om aandag aan die Ogoni se probleme te skenk. Tesame met die druk op Shell Nigerië en die federale regering, het hulle ook met 'n mediaveldtog begin om die publiek in Nigerië

22 Osaghae, p. 329; Shell Nigeria, "Shell in Nigeria"; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, *Ogoni: Facts of the matter* (Gwagwalada, s.a.), p. 7; Shell Nigeria, "Shell Nigeria offers plan for Ogoni, <<http://www.shellnigeria.com/news/prlis.html>>, 8.5.1996; Shell Nigeria, "Issues background", <<http://www.shellnigeria.com/factfile/issback.html>>, s.a.

23 Sien Saro-Wiwa, pp. 44-50, 58-9, 63-80 vir verdere inligting rakende die besoedeling in Ogoni-land.

24 "Nigeria: the untold Ogoni story" (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), p. 9.

25 Daar is geen duidelikheid oor die stigtingsdatum van MOSOP nie. Gevolglik dui die geraadpleegde bronne onder meer 1988, 1990, 1991 en 1992 as stigtingsjaar aan. Dit wil egter voorkom of hierdie organisasie reeds 'n geruime tyd voor die aanvaarding van die Ogoni Bill of Rights in 1990 tot stand gekom het, en derhalwe word 1988 as stigtingsjaar geneem.

bewus te maak van die probleme wat olieproduserende gemeenskappe in die algemeen en die Ogoni in besonder ondervind.²⁶

In teenstelling met die algemene opvatting onder die internasionale media en omgewingsbewaring- en menseregtegroepe, was Ken Saro-Wiwa nie 'n stigterslid van MOSOP nie. Na die stigting van MOSOP het Saro-Wiwa die dagbestuur van hierdie organisasie genader en versoek dat hy aangestel word as hul segspersoon en skakelbeampte. Saro-Wiwa se toetrede tot MOSOP en die mediaveldtogte wat hy plaaslik en internasionaal van stapel gestuur het, was die begin van die internasionalisering van die Ogoni se stryd teen die federale regering en Shell Nigerië.²⁷

Met die aanvaarding van die Ogoni Bill of Rights op 26 Augustus 1990, het die Ogoni die politieke terrein betree. Hierdie Bill of Rights is gesamentlik deur MOSOP se dagbestuur en vyf Ogoni-klans se tradisionele leiers opgestel en onderteken. Die tradisionele leiers van die Eleme-klan het nie deel aan hierdie dokument gehad nie. Die ondertekenaars van die dokument het onder meer Saro-Wiwa en twee van die leiers wat in 1994 by Goikoo vermoor is, Edward Kobani en Samuel Orage, ingesluit. In die Ogoni Bill of Rights is ekonomiese, ekologiese, sosiale en politieke probleme uiteengesit, en is veral klem gelê op die feit dat die federale regering nie die belange van die Ogoni beskerm nie. Die federale regering is versoek om politieke outonomie aan die Ogoni toe te staan sodat hulle as 'n afsonderlike politieke eenheid aan alle federale en regionale politieke strukture kon deelneem.²⁸ Die Ogoni Bill of Rights is aan die Nigeriese staatshoof, genl. Ibrahim Babangida, gestuur. Teen 1991 het die federale regering nog geensins op hierdie handves van regte gereageer nie, wat die Ogoni-leiers genoop het om op 26 Augustus 1991 'n addendum tot die handves te aanvaar. Die addendum het aan MOSOP toestemming verleen om internasionale steun by onder meer die Verenigde Nasies (VN) en die Statebond te werf. Daar is aan MOSOP opdrag gegee om te fokus op die ekologiese skade en ekonomiese probleme wat die Ogoni weens Shell Nigerië se olieproduksie in Ogoni-land ondervind het, en die politieke en sosiale probleme van etniese minderheidsgroepe binne die Nigeriese federale stelsel.²⁹

26 Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 8.

27 "The conviction of Ken Saro-Wiwa", 9.11.1995 (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), p. 2.

28 **Ogoni Bill of Rights**, 26.8.1990, pp. 1-5. Kyk ook onderafdeling 4.3, *infra*.

29 Saro-Wiwa, pp. 92-100. Kyk veral pp. 97-100 vir 'n volledige uiteensetting van die Addendum to the Ogoni Bill of Rights.

Dit was grootliks deur Saro-Wiwa se toedoen dat die Ogoni Bill of Rights en die addendum aan die internasionale media en belangegroep bekend gestel is. 'n Belangrike komponent van die internasionalisering van die Ogoni-stryd was om hul saak aan die VN voor te lê, en Saro-Wiwa het in 1992 die tiende sessie van die VN se Working Group on Indigenous Populations in Genève toegesprek oor die probleme van die Ogoni-stam. Hierdie toespraak is opgevolg deur die toespreking van die algemene vergadering van die Unrepresented Nations and Peoples Organisation (UNPO) in 1993 in Den Haag deur 'n groep Ogoni-leiers.³⁰ Die ekologiese probleme van die Nigerdelta het ook aandag geniet by die World Conference of Indigenous Peoples on Environment and Development wat in 1992 as deel van die United Nations Conference on Environment and Development in Rio de Janeiro gehou is. By hierdie geleentheid is nie alleen die ekologiese probleme van die Ogoni nie, maar ook dié van die ander etniese minderheidsgroepe wat in olieproduserende gebiede in die Nigerdelta woonagtig is, bespreek.³¹ Steun van omgewingsbewaring- en menseregtegroepe vir die Ogoni het vergestaltung gevind in ondersoeke deur Greenpeace (*Shell-shocked*, 1993) en Human Rights Watch (1995).³²

Tussen 1990 en 1993 het MOSOP 'n ontwikkelingsproses ondergaan wat grootliks die gevolg was van Saro-Wiwa se pogings om 'n prominente rol in hierdie organisasie te speel. Vroeg in 1993 is drie organisasies gestig wat by MOSOP geaffilieer het, naamlik die Council of Ogoni Traditional Rulers (COTRA), die National Youth Council of Ogoni People (NYCOP) en die Federation of Ogoni Women's Associations (FOWA). Van die drie groepe was NYCOP die belangrikste en sy lede se optrede is grotendeels gekenmerk deur radikale uitsprake en optrede. Hierdie jeugbeweging het direk onder Saro-Wiwa se beheer gestaan.³³

4.2 Die Ogoni-opstande, 1990-1994

Tussen 1990 en 1994 het die optrede van MOSOP tot 'n direkte konfrontasie tussen die federale regering en die Ogoni aanleiding gegee.

30 Osaghae, p. 335.

31

32 A Rowell, "Shell-shocked: references", <<http://www.greenpeace.org/~comms/ken/refer.html#s>s<a>>>, Julie 1994, voetnoot 25.

33 Birnbaum, p. 11; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, pp. 9-10. Kyk verder "The conviction of Ken Saro-Wiwa", p. 2; "Nigeria: the untold Ogoni story" (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), p. 6; P Adams, "The deepening stalemate" in *Africa Report* 39(4), Julie-Augustus 1994, pp. 63-4.

EE Osaghae verskaf twee redes waarom die Ogoni as't ware die reg in eie hande geneem het. Die eerste rede was die onvermoë van die federale regering om te reageer op die eise van die Ogoni, wat die Ogoni aangemoedig het om hul eis om politieke outonomie te verskerp. Tweedens was daar die radikale leierskap van MOSOP sedert Saro-Wiwa in 1993 die presidentskap van die organisasie by Leton oorgeneem het.³⁴ Soos reeds gemeld was Saro-Wiwa ook in beheer van NYCOP. Dit is opmerklik dat die konfrontasies tussen MOSOP en die federale regering meer algemeen voorgekom het nadat Saro-Wiwa in 1993 die leierskap by Leton oorgeneem het, en weer afgeneem het nadat Saro-Wiwa in Mei 1994 op aanklag van moord deur die federale regering in hegtenis geneem is.³⁵

Die Ogoni-opstande was aanvanklik direk gemik teen Shell Nigerië se olieproduksie en gepaardgaande ekologiese skade in Ogoni-land. 'n Uitstaande kenmerk van dié opstande was die gewelddadige wyse waarop die federale regering dit onderdruk het. Tagtig mense is byvoorbeeld in 1990 deur die Mobile Police Force gedood wat na Umuechem gestuur is om 'n Ogoni-betoging teen Shell Nigerië te onderdruk.³⁶ Die federale regering het in 1992 'n nasionale dekrete uitgevaardig waarvolgens alle eise om selfbeskikkingsreg en die ontwrigting van olieproduksie in Nigerië as hoogverraad geklassifiseer is en met die dood strafbaar was.³⁷ Die druk wat die Ogoni deur middel van betogings tussen 1990 en 1993 op Shell Nigerië uitgeoefen het, het direk gelei tot die staking van Shell Nigerië se olieproduksie in Ogoni-land, veral nadat 'n Shell Nigerië-personeellid in Januarie 1993 deur 'n groep Ogoni aangerand is.³⁸

34 Osaghae, p. 333.

35 Sien tabel in "The Ogoni crisis: Nigeria's shame" in *LH Rights* 2, Desember 1995, p. 17.

36 http://www.oneworld.org/owbt/drilling_video.html: Catma Films, "The drilling fields" (oorspronklike teks tot dokumentêre film); <http://www.shellnigeria.com/factfile/flash.html>: Shell Nigeria, "Flashpoints on the Ogoni story". Vir meer inligting rakende die Ogoni-opstande, kyk ook: <http://www.greenpeace.org/~comms/ken/force.html>: A Rowell, "Shell-shocked: the use of force against demonstrations", Julie 1994; S Kiley, "Shell's latest 'little atrocity' sums up Ogoni demonstrators' attitude to government collusion" in *The Star*, 16.11.1995, p. 19.

37 Catma Films, "The drilling fields" (oorspronklike teks tot dokumentêre film), <http://www.oneworld.org/owbt/drilling_video.html>, s.a.; Shell Nigeria, Flashpoints on the Ogoni story", <<http://www.shellnigeria.com/factfile/flash.html>>, s.a. Vir meer inligting rakende die Ogoni-opstande, sien ook: A Rowell, "Shell-shocked: the use of force against demonstrations", <<http://www.greenpeace.org/~comms/ken/force.html>>, Julie 1994; S Kiley, "Shell's latest 'little atrocity' sums up Ogoni demonstrators' attitude to government collusion" in *The Star*, 16.11.1995, p. 19.

38 <http://www.gem.co.za/ELA/ogoni.fact.html>: Earthlife Africa (Kaapstad), "Factsheet on the Ogoni struggle"; <http://www.shellnigeria.com/news/pr15.html>. Kyk verder ook Vidal, p. 14; http://www.oneworld.org/owbt/drilling_video.html.

'n Belangrike verwikkeling ten tye van die Ogoni-opstande, was die ontstaan van 'n leierstwis binne die geleedere van MOSOP in 1993. Hierdie twis het MOSOP in twee faksies verdeel. Een faksie het bestaan uit die meer gematigde lede, waaronder die president, Leton, en die vise-president, Kobani. Die ander faksie was meer radikaal en het onder leiding van Saro-Wiwa, Goodluck Diigbo en Ledum Mitee gestaan. Daar was vier geskilpunte in die twis, naamlik wat die balans tussen konfrontasie en rekonsiliasie in die Ogoni se stryd teen Shell Nigerië en die federale regering moes wees, of die Ogoni aan die presidensiële verkiesing (wat beplan was vir 12 Junie 1993) moes deelneem al dan nie, watter taktiek aangewend moes word in die hantering van konflik tussen die Ogoni en aangrensende etniese groepe, en hoe die politieke struktuur van MOSOP moes lyk.³⁹

Die Leton-faksie het veral 'n probleem met die aktiwiteite van die jeugbeweging, NYCOP - wat hul by herhaling aan gewelddadige optrede skuldig gemaak het - gehad. Die finale breuk het ontstaan ten opsigte van die Ogoni se deelname aan die presidensiële verkiesing wat op 12 Junie plaasgevind het. Saro-Wiwa het 'n algehele boikot van die verkiesing bepleit. Hy het sy standpunt rakende 'n boikot gemotiveer deur daarop te wys dat indien die Ogoni sou stem, hulle by implikasie die grondwet van Nigerië sou aanvaar. Die grondwet was volgens hom totaal onaanvaarbaar aangesien artikel 42 bepaal het dat alle minerale regte aan die federale regering behoort.⁴⁰ In teenstelling met die Saro-Wiwa-faksie was die Leton-faksie ten gunste van Ogoni-deelname aan die verkiesing en hulle het die beroep op 'n boikot sterk teengestaan. Nadat die dagbestuur van MOSOP met elf stemme teenoor ses ten gunste van 'n verkiesingsboikot gestem het, het Leton en Kobani as president en vise-president van MOSOP bedank. Saro-Wiwa het Leton as president opgevolg en Mitee vir Kobani as vise-president.⁴¹

39 Earthlife Africa (Kaapstad), "Factsheet on the Ogoni struggle", <<http://www.gem.co.za/ELA/ogoni.fact.html>>, s.a.; Shell Nigeria, "Shell Nigeria offers...". Sien verder ook Vidal, p. 14; Catma Films.

40 Ingevolge artikel 42 van die 1979-grondwet is alle mineraalregte in Nigerië genasionaliseer. Gevolglik het alle groepe wat in die olieproduserende streke woonagtig is, die Ogoni inklusief, alle aanspraak op die olie wat in hul grondgebied geproduseer word, verloor. P Francis, "For the use and common benefit of all Nigerians: consequences of the 1978 land nationalization" in *Journal of the International African Institute* 54(3), 1984, p. 5.

41 http://www.oneworld.org/owbt/drilling_video.html; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 13; LS Orage, "Justice prevailed: the case of the Republic of Nigeria vs Kenule B Saro-Wiwa, et al" (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), p. 3.

Kort nadat Saro-Wiwa die leierskap van MOSOP oorgeneem het, het die gematigde leiers van die Ogoni-stam, insluitende die *ghenemenes* van Babbe, Gokana, Nyo-Khana, Ken-Khana en Tai, wat oorspronklik die Ogoni Bill of Rights onderteken het, hulself formeel in 'n brief aan Babangida gedistansieer van wat hulle "lawless activities of certain elements in Ogoni who claim to be operating under (MOSOP)" genoem het. Hierdie groep tradisionele en politieke leiers het ook die federale en die Riversstaat-regerings om verskoning gevra vir die verleentheid wat MOSOP hulle aangedoen het, en daar is 'n beroep op MOSOP en NYCOP gedoen om langs vreedsame weë na 'n oplossing vir die probleme in Ogoni-land te soek.⁴²

MOSOP het voortgegaan met hul planne om die verkiesing te boikot en het 'n verbod op die presidensiële verkiesing in Ogoni-land geplaas. NYCOP is ingespan om te verseker dat hierdie verbod deur alle Ogoni nagekom word. Op die verkiesingsdag het NYCOP die polisie in Ogoni-land aangeval en hul wapens en ammunisie afgeneem. Alle verkiesingsmateriaal in die kantore van die National Electoral Commission is verbrand, asook 'n aantal staatsvoertuie. NYCOP het verder streng beheer oor toegang tot Ogoni-land uitgeoefen deur die oprigting van padblokkades.⁴³

Pogings om weer 'n burgerlike regering in Nigerië in te stel het misluk nadat Babangida die verkiesing van Junie 1993 ongeldig verklaar het. In Ogoni-land het die federale regering sterker teen die opstandige Ogoni begin optree en 'n militêre operasie, Operation Restore Order in Ogoniland, van stapel gestuur. Die hoofteikens van die federale magte was MOSOP wat as 'n radikale en sesessionistiese beweging gebrandmerk is. Saro-Wiwa is op 21 Junie vir die vierde keer in drie maande deur die federale regering gearresteer. Grootskaalse protesoptogte het in Ogoni-land in reaksie op Saro-Wiwa se arrestasie gevolg, terwyl die menseregtegroep, Amnesty International, hom tot 'n "prisoner of conscience" verklaar het. Hy is op 22 Julie 1993 op borgtog vrygelaat nadat die federale regering hom formeel van oproer aangekla het.⁴⁴

'n Belangrike komponent van Operation Restore Order in Ogoniland was

42 Catma Films: Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 13; LS Orage, "Justice prevailed: the case of the Republic of Nigeria vs Kenule B Saro-Wiwa, et al." (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), p. 3.

43 "The conviction of Ken Saro-Wiwa", p. 2; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 13.

44 Vidal, p. 14; Ankamah, pp. 13-14; http://www.oneworld.org/owbt/drilling_video.html.

om Ogoni-land deur middel van weermagpadblokkades vir alle buitestaanders af te seël. Op 30 Julie 1993 is alle polisiemanne wat Ogoni-stamlede is, uit Ogoni-land onttrek en deur polisiemanne van ander etniese groepe vervang. 'n Aanval op 'n Ogoni-dorp, Kaa, op 4 Augustus 1993 het 'n vlag van geweldpleging gemik teen die Ogoni ingelei. Hierdie geweldpleging het toegeneem nadat Babangida op 26 Augustus as staatshoof bedank het en opgevolg is deur Ernest Shonekan. Tien verdere Ogoni-dorpe is aangeval en nagenoeg 750 Ogoni is in die aanvalle gedood en meer as 30 000 persone is haweloos gelaat. Die federale regering het hierdie aanvalle as etniese konflik tussen die Ogoni en die Andonis, 'n aangrensende stam, bestempel. Hierdie aantygings is deur beide die Ogoni en die Andonis verwerp, en hul standpunt is verder beaam deur prof. Claude Ake, in lewe 'n lid van die VN se World Commission on Development and Culture, wat deur die federale regering aangestel is om ondersoek na hierdie konflik in te stel. Vredesonderhandelinge, wat kort na die afloop van die geweldpleging plaasgevind het, het misluk omdat Saro-Wiwa geweier het om die vredesverdrag te onderteken. Die vredesverdrag was vir hom onaanvaarbaar aangesien dit die hervatting van ekonomiese aktiwiteite, dit wil sê olieproduksie, ingesluit het.⁴⁵

Etniese konflik tussen die Ogoni en aangrensende etniese groepe het weer op 12 Desember 1993 (met die Okrika-stam in Port Harcourt) en in April 1994 (met die Ndoki-stam) uitgebreek. Die federale regering het weereens hierdie konflik as inter-etnies verklaar, terwyl die Ogoni hierdie aantygings verwerp het en die aanvalle direk toegeskryf het aan die Rivers State Internal Security Task Force wat onder bevel van kol. Paul Okuntimo gestaan het. Hierdie taakmag is deur die federale regering saamgestel om die orde in Ogoni-land te herstel. Die grootskaalse militêre teenwoordigheid in Ogoni-land het wel daarin geslaag om MOSOP en NYCOP se aktiwiteite tot 'n groot mate te beperk, alhoewel dit nie 'n einde daaraan gemaak het nie.⁴⁶

Tussen die etniese konflik deur het konflik onder die Ogoni-leiers weer opgevlam. 'n Komitee van dertien tradisionele leiers, waaronder Leton, Kobani, IS Kogbare, Samuel Orage en Albert Badey, het op 7 Desember 1993 'n brief in die pers tot die federale regering van genl. Sani Abacha gerig, waarin hulle hul sterk teen die optrede van NYCOP uitgespreek het. Die jeugbeweging is daarvan beskuldig dat hulle die reg in eie hande geneem het en onskuldige Ogoni in die proses vermoor het. NYCOP is verder van vandalisme teen Ogoni-eiendom

45 Vidal, p. 14; Ankomah, pp. 13-14; Catma Films.

46 Catma Films; Earthlife Africa; Osaghae, p. 337.

en die beskadiging van alle oliefasiliteite in Ogoni-land beskuldig. In die brief is daar ook melding gemaak van die gesag wat Saro-Wiwa oor NYCOP uitgeoefen het.⁴⁷ Daar was reeds geruime tyd aantygings dat NYCOP-lede hulself as Saro-Wiwa se private weermag beskou het. MOSOP het hierop gereageer deur die lede van die komitee as "vultures" te brandmerk. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle met die federale regering en Shell Nigerië saamgewerk het teen die belange van die Ogoni-stam en dat hulle finansiële vergoed is vir hierdie beweerde samewerking. Onder die persone wat as "vultures" gebrandmerk is, was die vier Ogoni-leiers wat later op 21 Mei 1994 te Goikoo vermoor is. MOSOP het op sy beurt 'n beroep op NYCOP gedoen om die vermelde dertien persone te elimineer.⁴⁸

4.3 Die Goikoo-moorde, 21 Mei 1994

Die moord op die vier Ogoni-leiers te Goikoo op 21 Mei 1994 is 'n sentrale gebeurtenis in die stryd van die Ogoni. Ken Saro-Wiwa is op grond van sy beweerde betrokkenheid by hierdie gebeure aan moord skuldig bevind en tereggestel, iets wat as sneller gediën het vir die internasionale antagonisme teen Nigerië, veral van die kant van die Statebond sedert 1995. Verder het dit ook die Ogoni meer as ooit tevore in twee groepe verdeel wat lynreg teenoor mekaar te staan gekom het. Die Goikoo-moorde was 'n uitvloeisel van die konflik wat reeds in 1993 in Ogoni-geledere ontstaan het en wat in 1994 'n hoogtepunt bereik het en vererger is deur die beplande verkiesing vir die National Constitutional Conference in Mei 1994. Hierdie verkiesing was 'n poging van Abacha om weer 'n burgerlike regering in Nigerië in te stel, en die grondwetlike vergadering sou verantwoordelik wees vir die opstel van 'n nuwe grondwet. Verkiesings vir die afgevaardigdes sou op sowel 'n regionale as plaaslike vlak plaasvind.⁴⁹

Daar was in Ogoni-geledere groot ondersteuning vir die beoogde National Constitutional Conference. MOSOP het dit veral as 'n geleentheid gesien om steun by ander etniese groepe te werf ten einde die federale regering te dwing om aandag aan Ogoni-land se ekologiese probleme te skenk. Onmin het egter binne die Ogoni-stam ontstaan oor wie die Ogoni by die grondwetlike vergadering moes verteenwoordig. 'n Aantal Ogoni's, waaronder Saro-Wiwa en die vier Ogoni-leiers wat later by Goikoo vermoor is, het hulself as kandidate vir

47 Catma Films; Osaghae, p. 338; "The Ogoni crisis: Nigeria's shame", p. 17; Birnbaum, p. 17.

48 "Nigeria: the untold Ogoni story", p. 6; "The conviction of Ken Saro-Wiwa", p. 2.

49 *Africa South of the Sahara* 1996, p. 715.

die verkiesing van 'n Ogoni-afgevaardigde beskikbaar gestel. In sy verkiesingsveldtog het Saro-Wiwa veral sterk klem gelê op die self-beskikkingsreg van die Ogoni-stam, terwyl die meer gematigde verkiesingskandidate sterk gekant was teen die aandrang van Saro-Wiwa om die self-beskikkingsreg van die Ogoni-stam by die grondwetlike vergadering te onderhandel. Laasgenoemde het van die standpunt uitgegaan dat die Ogoni se probleme effektief binne die Nigeriese federasie opgelos kon word.⁵⁰

In 'n poging om die spanning in Ogoni-geledere te ontloot, het die tradisionele leiers van die Gokana-klan op 21 Mei 1994 'n vergadering te Goikoo gehou. Vanuit MOSOP- en NYCOP-geledere was daar sterk teenkanting teen die beplande Goikoo-vergadering wat hulle as anti-Saro-Wiwa beskou het. MOSOP en NYCOP het 'n waarskuwing tot die tradisionele leiers gerig waarin hulle gedreig het om die leiers aan te val indien daar met die beplande vergadering voortgegaan sou word. Die militêre goewerneur van die Riversstaat, lt.-kol. Dauda Komo, is van hierdie dreigemente in kennis gestel en hy het onderneem om die nodige beskerming aan die tradisionele leiers te verleen ten einde te verseker dat die beplande vergadering wel plaasvind.⁵¹

Ten spyte van die MOSOP-NYCOP-dreigemente, het die tradisionele leiers voortgegaan met hul beplande vergadering en dit is op 21 Mei 1994 te Goikoo by die paleis van die *ghenemene* van Gokana gehou. 'n Groot aantal tradisionele leiers, waaronder hoofmanne OB Naaleloo, Samuel Orage, Theophilus Orage, FS Kpai, Edward Kobani en Albert Badey, het die verrigtinge bygewoon.⁵²

Ten tye van die vergadering was Saro-Wiwa besig om stemme in die omgewing van Goikoo te werf vir die verkiesing van die Ogoni-afgevaardigde tot die grondwetlike vergadering. Hy is vergesel deur Ledum Mitee wat in 'n aparte voertuig gereis het. By die Kpokie-kruising, ongeveer een kilometer van Goikoo, is Saro-Wiwa en Mitee se voertuie deur federale troepe by 'n padblokkade voorgekeer en hulle is verbied om verder te reis. Die bevel om Saro-Wiwa nie ten tye van die vergadering naby Goikoo toe te laat nie, is deur Komo gegee.⁵³ Saro-Wiwa het aan die soldate wat hom voorgekeer het gesê: "I don't blame you. It is the vultures meeting there in Goikoo that send you to stop me."⁵⁴

50 Institute for the Promotion of Unity and Understanding, pp. 18-9.

51 Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 20; Orage, p. 9.

52 Birnbaum, p. 12; Orage, p. 11.

53 Birnbaum, p. 12; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 20.

54 K Saro-Wiwa soos aangehaal deur Ledor Vizor in sy getuienis voor die CDST. Kyk

Daarna het hy sy ondersteuners by die Kpokie-kruising toegesprek en die beweerde bevel "deal with the vultures" gegee. Saro-Wiwa is tydens sy verhoor onder meer op grond van hierdie woorde deur die Civil Disturbances Special Tribunal (CDST) skuldig bevind.⁵⁵

Kort na die gebeure by die Kpokie-kruising het 'n skare MOSOP- en NYCOP-lede op die Gokana-paleis, waar die vergadering gehou is, toegesak. In die chaos wat gevolg het, is hoofmanne Badey, Kobani en sowel Samuel as Theophilus Orage wreedaardig vermoor terwyl 'n groot aantal ander persone wat die vergadering bygewoon het, aangerand is. Saro-Wiwa was ten tye van die moorde egter nie naby Goikoo nie, want hy is in daardie stadium deur federale troepe van die Kpokie-kruising na Port Harcourt vergesel. Saro-Wiwa is egter nie onmiddellik gearresteer nie, maar bloot ondervra.⁵⁶

Na die Goikoo-moorde het die aandag hoofsaaklik op Saro-Wiwa en sy mede-aangeklaagdes geval. Die slagveld waar die Ogoni voortaan hul stryd teen Shell Nigerië en die federale regering sou voortsit, het gevolglik verskuif na die tribunaal wat ingevolge die Civil Disturbances Decree No. 2 van 1987⁵⁷ deur genl. Sani Abacha aangestel is om die sake wat uit die Goikoo-moorde voortgespruit het, te verhoor.

4.4 Die verhoor van Ken Saro-Wiwa

Die federale regering het onmiddellik na die Goikoo-moorde stappe gedoen om wet en orde in Ogoni-land te herstel en die Rivers State Internal Security Task Force is ingestuur om die oproer, wat op die moorde gevolg het, te onderdruk. Die polisie het met 'n ondersoek na die moorde begin en die daaropvolgende weke 'n groot aantal persone in verband met die Goikoo-voerval in hegtenis geneem, met inbegrip van Saro-Wiwa wat reeds op 22 Mei gearresteer is.⁵⁸ Hulle is vir etlike maande (in Saro-Wiwa se geval agt maande)

Birnbaum, bylae 9, pp. 23-4 vir 'n opsomming van Vizor se getuienis.

55 Birnbaum, p. 12.

56 Orage, pp. 13, 15.

57 Hierdie dekreet is in 1987 deur genl. Babangida uitgevaardig en is tydens sy bewind ingespan wanneer burgerlike oproer uitgebreek het. Dit bepaal dat alle persone wat direk of indirek aan 'n daad verbind kan word, direk skuld het aan die daad wat gepleeg is. Beide die persoon wat 'n moord gepleeg het en die persoon wat indirek daarby betrokke was, moet by skuldigbevinding die doodstraf opgelê word. "Ken Saro-Wiwa execution: myths and facts" (inligting verskaf deur die Nigeriese Hoë Kommissie in Pretoria), pp. 2-3; Birnbaum, p. 2; "On the sentences of Ogoni Civil Disturbances Tribunal", p. 23.

58 <http://www.gem.co.za/ELA/ogoni.fact.html>; Institute for the Promotion of Unity and

aangehou sonder toegang tot regsverteenvoordiging en sonder dat hulle formeel van enigiets aangekla is.⁵⁹

In November 1994 het Abacha die CDST aangestel om al die sake wat met die Goikoo-moorde verband gehou het, te verhoor. In teenstelling met die algemene opvatting onder die internasionale media en belangegroepes, was die CDST nie 'n militêre tribunaal nie. Indien dit wel een was, moes al die lede van die tribunaal weermagoffisiere gewees het. Die CDST het egter bestaan uit regters IN Auta (voorsitter) en EE Arikpo, beide federale hooggeregshof-regters, en slegs een hooggelaaste weermagoffisier, lt.-kol. HI Ali.⁶⁰

Kort na die aanstelling van die CDST in November 1994, is vyf Ogoni's van die moord op die vier Ogoni-leiers aangekla. Hulle is deur die CDST skuldig bevind, die doodstraf opgelê en kort daarna tereggestel. Die identiteit van hierdie vyf persone word nêrens in die geraadpleegde bronne gemeld nie, waarskynlik omdat Saro-Wiwa nie onder hulle was nie en daar dus nie veel mediadekking vir hierdie verhoor was nie. Dit was eers nadat Saro-Wiwa formeel aangekla is, dat die kollig begin val het op die werksaamhede van die CDST en die aangeklaagdes wat deur die tribunaal verhoor is.⁶¹

Op 28 Januarie 1995 is Saro-Wiwa, Mitee, Barinem Kiobel, John Kpuinen en Baribor Bera vir die eerste keer na hul inhegtenisname in Mei 1994 formeel aangekla. Saro-Wiwa, Mitee en Kiobel is daarvan aangekla dat hulle die Goikoo-moorde beplan en aangemoedig het, terwyl Kpuinen en Bera daarvan beskuldig is dat hulle onder diegene was wat die moorde gepleeg het. Die verhoor van die Saro-Wiwa-groep het op 6 Februarie 1995 begin. Op 28 Februarie is nog tien persone⁶² in verband met direkte betrokkenheid by die Goikoo-moorde aangekla.⁶³

Die verhoor van Ken Saro-Wiwa en sy veertien mede-aangeklaagdes het nagenoeg agt maande geduur. Hierdie verhoor het geweldig baie aandag getrek, veral van internasionale media en belangegroepes. Die geloofwaardigheid van

Understanding, pp. 20-1.

59 Earthlife Africa; Institute for the Promotion of Unity and Understanding, pp. 20-1.

60 Birnbaum, p. 2; "Ken Saro-Wiwa execution: myths and facts", pp. 2-3; "On the sentences of Ogoni Civil Disturbances Tribunal", p. 23.

61 Institute for the Promotion of Unity and Understanding, p. 22.

62 Pogbara Afa, Saturday Dobe, Monday Danwin, Felix Nuate, Nordu Eawo, Paul Levura, Joseph Kpante, Michael Vizor, Daniel Gbokoo en Albert Kagbara. Birnbaum, p. vi.

63 Birnbaum, p. 2.

die tribunaal is sterk bevraagteken en daar is kommer uitgespreek dat die verhoor nie regverdig was nie. Hierdie vrese van die internasionale media en belangegroepes is bevestig deur Michael Birnbaum, 'n Britse advokaat wat die verhoor vanaf 21 tot 29 Maart 1995 bygewoon het.⁶⁴

Volgens Birnbaum is die beskuldigdes se fundamentele regte op 'n hele paar wyses aangetas. Hy wys onder meer daarop dat die beskuldigdes nie toegelaat is om met hul regsverteenvoerders te konsulteer voor die verhoor begin het nie. Birnbaum voer verder aan dat die tribunaal nie onafhanklik van die regering was nie en dat die verdediging se reg tot 'n onpartydige verhoor daardeur aangetas is. Hy maak sterk kaspie teen die afwesigheid van die reg tot appél teen die vonnisse wat deur die tribunaal uitgespreek is, asook teen die feit dat etlike maande verloop het vandat die beskuldigdes gearresteer is tot hulle formeel deur die staat aangekla is.⁶⁵

Ten spyte van grootskaalse plaaslike en internasionale kritiek teen die verhoor en die onttrekking van Saro-Wiwa se regsverteenvoerder, hoofman Gani Fawehimi, in Junie 1995 nadat goewerneur Komo geweier het om 'n video aan die CDST te vertoon wat skynbaar Saro-Wiwa se onskuld sou bewys het, het die tribunaal met hul werksaamhede voortgegaan.⁶⁶ In Oktober 1995 het die CDST Saro-Wiwa, Barinem Kiobel, John Kpuinen, Baribor Bera, Saturday Dobe, Felix Nuate, Nordu Eawo, Paul Levura en Daniel Gbokoo aan moord skuldig bevind. Die ander ses Ogoni-aktiviste, waaronder Mitee, is deur die CDST onskuldig bevind en vrygelaat.⁶⁷

Op 30 Oktober 1995 het die tribunaal die doodstraf oor Ken Saro-Wiwa uitgespreek: "The sentence of the Tribunal on you, Mr Ken Saro-Wiwa to the offence you have been convicted of is that you will be hanged by the neck until you be dead and may the Lord have mercy on your soul."⁶⁸ Die agt ander Ogoni wat deur die CDST skuldig bevind is, het op 30 en 31 Oktober 1995 soortgelyke

64 Birnbaum is deur Article 19 (die internasionale sentrum teen sensuur), die Bar Human Rights Committee of England and Wales en die Law Society of England and Wales as 'n onafhanklike waarnemer gestuur om te bepaal of die verhoor regverdig is. F D'Souza in die voorwoord tot Birnbaum, pp. iii-iv.

65 Kyk Birnbaum, pp. 7-10 vir 'n opsomming van sy vernaamste gevolgtrekkings.

66 A Rake, "Saro-Wiwa: we will remember you" in *New African* 337, Januarie 1996, p. 9. Nadat Fawehimi hom van die verhoor onttrek het, het die tribunaal 'n ander regsverteenvoerder vir Saro-Wiwa aangestel, maar dié het hy van die hand gewys. Institute for the Promotion of Unity and Understanding, pp. 22-3.

67 "On the sentence of Ogoni Civil Disturbances Tribunal", pp. 3-4.

68 Orage, p. 57.

vonnisse ontvang. Hierdie vonnisse is op 8 November 1995 deur die Provisional Ruling Council herbevestig en ten spyte van internasionale beroepe om die terdoodveroordeeldes te begenadig, is die doodsvonnis van Saro-Wiwa en die agt ander Ogoni-aktiviste om 11:30 op 10 November 1995 in 'n tronk in Port Harcourt voltrek.⁶⁹

5. SLOTPERSPEKTIEF

In die stryd van die Ogoni-stam in die jare 1988 tot 1995, het daar twee duidelike faksies ontstaan wat breedweg in die pro-Saro-Wiwa-faksie en die anti-Saro-Wiwa-faksie ingedeel kan word. Behorende tot die pro-Saro-Wiwa-faksie is die lede van NYCOP, die meeste lede van MOSOP, omgewingsbewaring- en menseregtegroepe, en dan ook die internasionale media wat verslag gedoen het oor die gebeure in Nigerië. Daarteenoor het die anti-Saro-Wiwa-faksie bestaan uit die federale regering, Shell Nigerië, sommige van die tradisionele Ogoni-leiers en die families van die vier Ogoni-leiers wat by Goikoo vermoor is.

In die grootskaalse mediaveldtog wat op Saro-Wiwa se arrestasie, verhoor en teregstelling gevolg het, het beide hierdie faksies naartiglik gepoog om die ander as sondaar uit te wys. Die vraag na wie die skuld moet dra vir die gebeure in Ogoni-land het egter geen eenvoudige antwoord nie. Daar is geen absolute skuldige party soos die twee opponerende faksies wil uitmaak nie, en daar kan bloot van proporsies van skuld gepraat word. Shell Nigerië is 'n skuldige party, insoverre hierdie oliemaatskappy toegelaat het dat hul olieproduksie in Ogoni-land nie die nodige beskerming aan die omgewing verleen nie. Hul werksaamhede het dus tot grootskaalse ekologiese skade aanleiding gegee en die omgewingsbewaringprojekte wat Shell Nigerië in die negentigerjare van stapel gestuur het, is 'n duidelike teken dat hulle hul aandeel in die ekologiese skade van die Nigerdelta erken. Dit is egter belangrik om voortdurend in ag te neem dat Shell Nigerië nie geheel en al deur Royal Dutch/Shell besit word nie, maar dat laasgenoemde maatskappy slegs 'n aandeelhouer is in hul belange in Nigerië. Die NNPC, ELF en Agip-Phillips moet dus saam met Royal Dutch/Shell sorg dat hul gesamentlike olieproduksie in Nigerië die omgewing in ag neem.

So ook deel Saro-Wiwa, MOSOP en NYCOP in die skuld vir die probleme van die Ogoni. Hul werksaamhede, veral nadat Saro-Wiwa die leierskap van MOSOP oorgeneem het, het tot 'n breuk in Ogoni-geledere aanleiding gegee,

⁶⁹ "The conviction of Ken Saro-Wiwa", p. 1.

wat direk bygedra het tot die antagonistiese houding van die MOSOP-NYCOP-lede wat deelgeneem het aan die gruweldade te Goikoo. Saro-Wiwa het in die opsweping van die NYCOP-MOSOP-lede 'n baie groot invloed op veral die Ogoni-jeug uitgeoefen.

'n Ander skuldige party, en miskien dié party wat die meeste skuld dra, is die federale regering van Nigerië. As die federale regering sy staatspligte behoorlik nagekom het, sou dit nie vir etniese groepe in die olieproduserende streke van Nigerië nodig gewees het om in opstand te kom teen die haglike toestande waarin hulle hul bevind nie. Dit is die staat se verantwoordelikheid om nie alleen gebiede te ontwikkel nie, maar ook om beskerming te verleen aan etniese minderheidsgroepe. Ten opsigte van die Ogoni, het die staat nagelaat om ontwikkelinge in Ogoni-land van stapel te stuur. Die beperkte infrastruktuur wat wel in Ogoni-land bestaan, is ironies genoeg deur Shell Nigerië daargestel. Die federale regering het hom verder skuldig gemaak aan uitermatige gewelddadige optrede teenoor die opstandige Ogoni; geweld wat direk toegeskryf word aan die totale negering van basiese menseregte deur die federale regering.

Tot tyd en wyl die inwoners van Nigerië 'n oplossing vind vir hul veelvoudige politieke, ekonomiese en ekologiese probleme, sal die beeld van Saro-Wiwa as 'n martelaar vir menseregte en omgewingsbewaring by die internasionale media en belangegroepe bly voortbestaan, en sal sy geskifte voortgaan om beelde van onreg wêreldwyd op te roep: "People of the world, I appeal to you in the name of God to help stop this genocide of the Ogoni people NOW!"⁷⁰

70 Saro-Wiwa, p. 103.